

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968 www.onskontrei.co.za
12 SEPTEMBER 2025 - JAARGANG 57-1693 R7.00 Inklusief
Telefoon: 027 213 2074 E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

DAMSTAND
10 September 2025 - 90.90%
10 September 2024 - 95.64%
Reënval vir die week:
Geen
MBD Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
Begrafnisdienste
Vredendal

Toegangspad amptelik geopen



Die nuwe bosduiker onderdeur die pad. Lees die volledige berig op bl. 3.
Foto: Verskaf.

Lees binne:
Ongeluk op R363 bl 2
Skuts skiet kolskote bl 8

Weervoorspelling vir die week
Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)
MBD Begrafnisdienste Vredendal

Don. 11/09	Vry. 12/09	Sat. 13/09	Son. 14/09
10°/23°	11°/31°	11°/24°	10°/25°
Ma. 15/09	Di. 16/09	Wo. 17/09	Inligting verkry vanaf AccuWeather 10 Sept. 2025
10°/24°	8°/22°	10°/27°	

NG Kerk Lutzville
13 September 2025
vanaf 08:00
Lekker goed & speletjies
Besoek kindertafel vir hope pret!!!

NGK Graafwater Basaar
Kerksaal
10:00 - 13:00
13 Sept 2025

KOM GENIET:

- Braai vleis & slaai (wegneem)
- Verpakte rou vleis
- Kraakvars groente vrugte
- Vars gebak: brood, beskuit, koekies en torte
- Jaffels & vetkoek
- Pannekoek-BRING EIE HOUERS
- Heerlike poedings
- Koffie / tee met 'n muffin
- Yskoue koeldrank

MOENIE MISLOOP NIE:

- Wil Olifant tafel
- Kindertafel vol bederfies en speletjies
- LOOTJIES!
- DIEVEILING!

Vir meer inligting: Kontak die Skriba 084 806 7821 ngkgraaf@gmail.com

NG Kerk VANRHYNSDORP
Dames OGGEND
MET ANDRIETTE NORMAN
13de Sept. 2025 | NG Kerk KERKSAAL
10AM • R200/p
Ligte Ete Ingesluit
NG Kerk VANRHYNSDORP
KAARTJES BESKIKBAAR
KERKKANTOOR
VIR MEER INLIGTING KONTAK
DALEEN BY 066 213 6879

21st 4x4 Bergkraal
- SEDERT 2004 -
27 SEPT
PLEK: BERGKRAAL (R363)
VERTREKTYD: 9:00
KOSTES: R250/voertuig *Slegs kontant
PRYSUITDELING BY
TYD: 18:30 VIR 19:00
* DANS
* VEILING
* BRAAIVLEIS TEKOOP
WHATSAPP: GERRIE - 076 1011 291 NIEL - 084 843 1693
SKAKEL: FRIKKIE - 083 630 6370

AKTUELE NUUS

Toename in diefstalsake

Berig: Adjudant-offisier Jannie Louw

VREDENDAL: Daar is tans 'n beduidende toename in diefstalsake in Vredendal-Suid. Gedurende die afgelope weke word al hoe meer eiendom wat sonder toesig gelaat word, gesteel. Graag word die publiek versoek om versigtig te wees en maatreëls in plek te hê om hul eiendom te beskerm. Tans is dit fietse en koperpype wat die boosdoeners se grootste teiken

is. Die diewe bly egter nie net by dit nie, maar neem enigiets van waarde wat weer omgesit kan word in kontant. Let op na jou omgewing en verseker dat alle los eiendom buite sig bewaar word. 'n Goeie idee is ook om jou eiendom baie duidelik te merk. Rapporteer alle verdagte persone in die omgewing.

Motorfietsryers bederf kinders

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Verskaf

VREDENDAL: Die kinders by Vredendal Hospitaal het Sondag, 7 September 'n verrassingsbesoek van plaaslike motorfietsryers ontvang. Twaalf lede van Matzikama Motorcycle Ministries het twee kindersale besoek. Hier het hulle vir 15 kinders 'n speelding oorhandig. Hulle het ook saam met die kinders gekuier. Marius Jacobs van Matzikama Motorcycle Ministries sê dit was wonderlik om die kinders te bemoedig. Om die kinders se gesiggies te sien ophelder

wanneer hulle 'n geskenk ontvang, was van onskatbare waarde. Hy sê hulle hoop om meer uitreike in die omgewing te doen. Eerskomende Saterdag, 13 September gaan die motorfietsklub 'n Toyrun doen na Lutzville SAPD se traumakamer. Hulle neem sagte speelgoed vir die traumakamer om te dien as ondersteuning teen geslagsgebaseerde geweld en die mishandeling van kinders in die gemeenskap.



Motorfietsryers van Matzikama Motorcycle Ministries.



Die skade wat aan die taxi aangerig is.

Twée beseer op kronkelpad

Berig: Annemarie Munnik
Foto: Verskaf

LUZVILLE: 'n Taxi en 'n swaarvoertuig was Woensdag, 10 September net voor 07:00 in 'n ongeluk op die R363 (kronkelpad) naby die Sishenbrug betrokke. Die taxi was op pad vanaf Lutzville en die swaarvoertuig op pad na Lutzville toe die sleepwa van die vragmotor die taxi se bestuurderskant getref het. Die taxi het

teen die relings tot stilstand gekom. Passasiers het op die toneel gewag vir ander vervoer. Twee insittendes het ligte beserings opgedoen en is na Vredendal Hospitaal vervoer. EMS, Vredendal Brandweer en die plaaslike SAPD was op die toneel. Verkeer in beide rigtings is gereguleer om opeenhoping te vermy tot die taxi verwyder is.

Verlate en/of verlore eiendom

Berig: Adjudant-offisier Jannie Louw

VREDENDAL: Vredendal SAPD beskik tans oor die volgende eiendom wat verlore en/of verlate gevind is en oorhandig is aan die SAPD vir beskikking. Indien die publiek die eiendom herken as moontlik jou eiendom of inligting het oor die herkoms daarvan, kontak vir adjudant-offisier Kolie Nel om reëlings te tref.

Items: Een groen 800 W Rotary hamerboor in 'n tas, een Sansui 55 inch Smart TV, een 15 inch VW wiel, een 17 kg gas-silinder, een swart Lenovo skootrekenaar, een blou Student Prince rugsak, dit bevat verskeie stelle breek- en eetgoed. Een swart Cape Peninsula sak, bevat breek- en eetgoed.

'n Vrolike musiek-en-storiekonsert

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Met meer as 40 jaar se ervaring in die musiekbedryf, het die gewilde sangpaar **Francois en Elizabeth Fourie (foto regs)**, 'n wonderlike storie om te vertel, en menige bekende treffers om te deel. In 2025 is die jaar waarin hulle landswyd toer om 'n besondere optrede na hulle aanhangers te bring.

Hierdie nostalgiese vertoning is te sien by die Tehuis vir Bejaardes in Vredendal, op Dinsdag 23 September, om 10:00. Francois en Elizabeth is immergeliefd en het 'n besondere sprankel op die verhoog. Met treffers soos *Wil jy dans Carina*, *Ek hou van jou*, *Vredendal tot Beestekraal*, en *Meer as Woorde*, het hierdie twee 'n tydlose musiek geskep wat vandag nog in aanvraag is.

Enige iemand wat al 'n vertoning bygewoon het, ervaar egter veel meer as net 'n lekker ligte vermaaklikheidskonsert. Francois en Elizabeth dra 'n blydskap, wat van binne af kom. Kom kuier heerlik saam! Daar sal musiekalbums beskikbaar wees, met 'n verskeidenheid van ligte- en geestelike musiek vir kinders, sowel as volwassenes. Besprekings en inligting: Anina Jacobs 027 213 3040.



JOIN US AND HELP MAKE THIS SEASON BRIGHTER FOR CHILDREN JOIN US AND HELP MAKE THIS SEASON BRIGHTER FOR CHILDREN SUFFERING FROM GENDER BASE VIOLENCE. COME AND HELP US DECORATE THE TRAUMA ROOM

MATZIKAMA MOTORCYCLE MINISTRIES TOY DRIVE

Meeting point: Gustav van Wyk Motors Vredendal 10H00

"DECORATE YOUR BIKE WITH SOFT TOYS"

"TOYS ARE AVAILABLE IN STOCK TO BUY"

"All Roadworthy and Licensed bikes are welcome"

13 SEPTEMBER 2025

DROP-OFF LOCATIONS

SAPD LUTZVILLE 13 Matzikama Street

Questions? Call Marius at: 061 342 7801

MACAW MATZIKAMA ANIMAL CARE AND WELFARE NPC

ONS HOU 'N OPEDAG OP BRAAIDAG

PLEK: ONS SHELTER / LANGS VREDENDAL SPORTTERREIN

TYD: 10H00 TOT 14H00

DATUM: 24 SEPTEMBER 2025

Braaidag

Die Handelspos @Museum Lambertsbaai

24 September 2025

10:00 - 13:00

Braaibord R100.00

- Skaaptjop
- Hoender
- Wors
- Slaai
- Roosterkoek

Braaiborde beskikbaar vanaf 11h30

Kaartjies beskikbaar: Helga Bouwer 066 208 6234

Ten bate van Sandveld Museum

NOU GAAN ONS BRAAI EN DANS!

23 SEPTEMBER 2025

NOUVEAU KOLLEGE

MANDJIE-BRAAI EN DANS

BESPREEK BETYDS U TAFEL/KAARTJIES!

- TAFELS, STOELE EN VURE WORD VOORSIEN
- MUSIEK (DJ BOTTIE)
- EIE EET EN DRINKGOED

R100 PER VOLWASSENE R30 PER SKOOLKIND

NOUVEAU LEERDERS GRATIS

KAARTJIES EN BESPREKINGS

SKAKEL: KANTOOR - 027 470 0117

WHATSAPP: RINETTE - 084 800 2056

HOOF NUUS

Die MR310 word amptelik geopen

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Die Wes-Kaapse Minister van Infrastruktuur Tertius Simmers het op Maandag, 8 September, die MR310 heropen. Dié pad verbind Citrusdal met die N7. Die toegangspad is erg beskadig na swaar vloede op 13 Junie 2023 en 11 Julie 2024. Die vloede het veroorsaak dat die nabygeleë rivieroewer meegegee het en die loop van die Olifantsrivier van rigting verander het. 'n Groot gedeelte van die pad het in die proses weggespoel. Citrusdal is 'n belangrike sitrusproduserende gebied en is veral swaar getref nadat dit totaal van die noodsaaklike vervoerskakels afgesny was. Dit het 'n beduidende impak op die plaaslike ekonomie en die welstand van inwoners gehad. Die heropbou van die MR310 is onhumanitêre redes tot 'n nood herstelprojek verklaar, met sleutelfokus op die herstel van die toegang en die skep van 'n meer vloedbestende pad wat toekomstige vloede beter kan hanteer. Die rivieroewer moes eers herstel word, waarna beduidende werk aan die pad self voltooi is. Dit het die plasing van nuwe

basislae en erosie beskermingswerke ingesluit, sowel as die vervanging en opgradering van die pad se boksduiker. Die nuwe duiker is ontwerp om 'n 20 jaar vloed effektief te hanteer wat die risiko van verdere skade aan die pad sal verminder namate die Wes-Kaap toenemend natter winters ervaar.

"Die koste van hierdie projek in die finansiële jaar 2023/2024 was R12.2 miljoen en 'n geraamde R26 miljoen is in die 2024/2025 finansiële jaar aan hierdie projek bestee," het Simmers gesê.

"Ons verstaan infrastruktuur projekte en in hierdie geval vervoer infrastruktuur as 'n moontlike skepper van ekonomiese groei en ondersteuning vir die belangrike sitrusbedryf van die Wes-Kaap," het hy bygevoeg. "Met hierdie projek het ons meer gedoen as net om 'n pad te vervang. Ons het eerder herbou en opgradeer vir die eise van die toekoms, wat verseker dat Citrusdal se skakel na die Wes-Kaap se vervoer ekosisteem vir jare wat kom onaangeraak bly."



Minister Tersius Simmers saam met die werkers.

Stuur jou nuuswenke na:

082 657 3182 - Matzikama
082 926 9934 - Cederberg



**Kort op kontant?
Ons kan help!**

Om te sien of u kwalifiseer bring die volgende dokumente

SASSA Trekkers:
ID afskrif, betaalstrokie

Salaris Trekkers:
ID afskrif, salarisstrokie &
3 maande bankstaat

⁴Terme en Voorwaardes geld

KANTOORGEBOU TE HUUR

VREDENDAL

Kontak
082 889 1820

'n Aand van glans vir Klawer Wynkelders by die Michelangelo-toekennings

Berig en foto's: Verskaf

KLAWER: Die Michelangelo-toekenningsgeleentheid wat op Saterdag, 6 September plaasgevind het, was 'n aand gevul met elegansie, viering en waardering vir uitnemendheid in wynmaak. Dit was 'n besondere voorreg om dié gesogte geleentheid by te woon veral vir diene wat met top-toekennings vereer is.

Klawer Wynkelders is trots om aan te kondig dat die Villa Esposto Straw wine 2023 bekroon is met die Michelangelo Platinum-toekenning - 'n eer wat slegs aan wyne toegeken word wat 'n uitsonderlike punt van meer as 96 uit 100 behaal.

Klawer Wynkelders se opregte gelukwense aan wynmaker Roelof van Schalkwyk, wie se toewyding en vakmanskap duidelik weerspieël word in hierdie uitstaande wyn. Die opgewondenheid binne die Klawerspan is tasbaar, en dié prestasie dien as verdere bewys van hul verbintenis tot gehalte en uitmuntendheid.

Hierdie erkenning vier nie net 'n besonderse wyn nie, maar beklemtoon ook

die hoë standaarde waartoe die Suid-Afrikaanse wynbedryf hom verbind. Skink en klink op nog vele suksesse wat voorlê!



Die MR310 word amptelik geopen.



Veiling Ter Plaatse

**STELLAR AGRI & STELLAR
WINERY (EDMS) BPK
(IN SAKEREDDING)**

BEPALINGS EN VOORWAARDES:

- FICA Dokumente.
- 10% Kommissie plus BTW betaalbaar.
- Geen registrasiefooi.
- Die reg word voorbehou om items te onttrek of by te voeg.

 **BESIGTIGING:**
18 SEPTEMBER 2025
(09:00 – 15:00)

 **KONTAK:**
CASPER - 082 459 8877

 **Veilingsdatum:**
19 SEPTEMBER 2025 @ 11:00



BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2025

Stuur gerus 2025 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

GRAAFWATER:
NG Kerk Graafwater Basaar
Saterdag, 13 September
10:00 - 13:00
Kontak: 084 806 7821

LUTZVILLE:
Lutzville NG Kerk Basaar
Saterdag, 13 September
Vanaf 08:00

CLANWILLIAM
Huis Awie Gholfdag
Saterdag, 13 September
Clanwilliam Gholflklub
Kontak: 082 889 8002 of
084 426 9274

LAMBERTSBAAI:
Sandveld Aartappel Gholfdag
Saterdag, 13 September
Xamarin Gholflklub

LUTZVILLE:
Matzikama Motorcycle Ministries
Toy Drive
Saterdag, 13 September
SAPD Lutzville
Kontak 067 342 7821

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsmen.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Wie God ken

Johannes kontrasteer diegene wat van die wêreld is, met diegene wat uit God is (Joh. 4:5-6). Hy praat van die bese wêreldstelsel wat homself teen God stel (1 Joh. 2:15-17) wanneer hy in hierdie brief oor die wêreld praat. Gelowiges moet nie hierdie wêreldstelsel liefhê nie, want dit is om teen die Here te wees (Joh. 15:18-25). Ons weet dat ons gelowiges wat die Heilige Gees besit, kan herken. So kan ook diegene wat die gees van die Antichris besit, herken word. Dit is duidelik vanuit die fokusverse dat diegene wat die gees van die Antichris besit, diegene is wat van die wêreld is (1 Joh. 4:5). Elkeen wat sy aandag op die dinge van hierdie

wêreld vestig, kan herken word as nie van God nie. Ons moet nie verras wees as diegene wat hulle opdragte volgens die sondige norme van die kultuur vorm, 'n ywerige gehoor van die wêreld kry nie. Johannes sê vir ons dat dit beslis sal gebeur.

Teenoor dié wat van die wêreld is, staan dié wat uit God is. In vers 6 skryf Johannes: "ons is uit God" en dat dié wat die gees van die Antichris ken en besit, nie luister na dié wat uit God kom nie. Waar Johannes in vers 6 na "ons" verwys, praat hy spesifiek van die apostels. Johannes maak dus 'n eksplisiete aanspraak op apostoliese gesag. Sodoende herhaal hy bloot die uitspraak van Jesus dat almal wat sy apostels ontvang, Jesus self ontvang (Matt. 10:40). Vandag ontvang ons die apostels

deur gehoor te gee aan hulle kanonieke geskrifte en sodoende, soos Johannes se oorspronklike gehoor, te openbaar dat ons van God is.

Is jy van die wêreld of is jy van God? Luister jy na die stem van Jesus wat deur sy apostels in die Nuwe Testamentiese geskrifte praat, of luister jy na die stem van die wêreld wat deur ons sondige neigings praat? Vra die Here om jou hart te deursoek om te vind waar jy na die wêreld ge luister het.

Psalms 25:2, 5 Bet. My God, op U vertrou ek; laat my nie beskaamd staan nie; laat my vyande oor my juig nie. He. Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag. (Afrikaanse vertaling 1953).

Dominee GD Oosthuizen

Briewe & Meningsblad

Persone wie se opinie op die Briewe & Meningsblad geplaas word, gee hul subjektiewe siening van 'n situasie. Ons Kontrei se bestuur en personeel stem NIE noodwendig saam met 'n skrywer se mening NIE. Geen rassisme, naamskending of enige vorm van belediging sal geduld word nie.

Stuur gerus u menings na: redakteur.onskontrei1@gmail.com en verskaf asb u naam en kontaknommer onder aan, naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Weens gebrek aan spasie sal GEEN briewe met meer as 250 woorde aanvaar word nie of geredigeer word.

Gestremdheid vier vermoëns

Olifantsrivier Vereniging vir Persone met Gestremdhede (OVPG) het op Vrydag, 5 September Losliddag gevier. Die tema vir hierdie jaar was: Beyond the Label. Dit was nie net die organisasie se tema nie, dit is hulle revolusie. 'n Persoon met 'n gestremdheid word nie gedefinieer deur besprekings nie, maar gevier vir vermoëns.

Die sterkste gemeenskappe word nie gebou op eendersheid nie, maar op die rykdom van verskille. Tog word mense dikwels eers deur hul gestremdheid of hulpmiddels gesien en daarvolgens geëtiketteer. Met hierdie veldtog het die organisasie 'n beroep op die publiek gedoen om persone met gestremdhede werklik te sien

en te waardeer. Verby die etiket - verby die gestremdheid. OVPG wil graag hartlike dank uitspreek aan die breë gemeenskap vir jul wonderlike ondersteuning tydens Losliddag. Julle bydrae en betrokkenheid beteken ongelooflik baie vir ons en dra direk daartoe by dat ons persone met gestremdhede beter kan ondersteun, bemagtig en insluit in die gemeenskap.

OVPG Personeel



Eunice Dohn, Lianca Jansen, Denozene Beukes, Joselyn Syster en Angelia Brown.



Felicia Bagan, Christina Olyn, Cathalene Flips, Lee-Ann Linnart, Debita Syster en Gaynor Beukes.

Ons Kontrei

Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
(Cederberg) maaitjie@isales.co.za

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei1@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
Desiree van Wyk 027 213 2074
Acc.onskontrei1@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions



Die kinders se gesiggies is gevef. Foto's: Verskaf.

MBD maak ogies op Losliddag



VREDENDAL: Matzikama Begrafnisdienste het Vrydag, 6 September oë laat rek met Losliddag. Foto: Verskaf.

INDEKS

- 1. GELUKWENSING
- 2. STERFGEVALLE
- 3. IN MEMORIAM
- 4. BEDANKINGS
- 5. LENINGS
- 6. DIENSTE
- 7. DAGSORG
- 8. EETGOED
- 9. BETREKking
- 10. VERLORE / VERMIS
- 11. ALGEMEEN
- 12. BOTE / DUK-TOERUSTING
- 13. LEWENDEHAWE
- 14. TROETELDIERE
- 15. GESOEK / BENODIG
- 16. MEUBELS
- 17. MUSIEK-INSTRUMENTE
- 18. RADIO / TV / VIDEO
- 19. TUINBOUDIENSTE
- 20. JUWELIERSWARE
- 21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
- 22. SPORTTOERUSTING
- 23. VAKANSIE
- 24. AKKOMMODASIE
- 25. REKENAARS
- 26. KANTOOR-TOERUSTING
- 27. BOUMATERIAAL
- 28. BOUWERK / VERF
- 29. VERVOER
- 30. AKKOMMODASIE
- 31. TE HUUR
- 32. SEKURITEIT / WAPENS
- 33. FIETSE
- 34. MASJINERIE/IMPLEMENTE
- 35. ONDERDELE / ENJINS
- 36. MOTORHERSTELWERK
- 37. SLEEPWAENS
- 38. MOTORFIETSE
- 39. WOONWAENS
- 40. VOERTUIE
- 41. EIENDOM
- 42. BETREKKINGS
- 43. BLINDINGS
- 44. ELEKTRIESE-WARE
- 45. GRASSNYERS
- 46. TE KOOP
- 47. TE RUIL

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verloop van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie.

Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:

Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

29

AKKOMMODASIE

DURBANVILLE: Veilige akkommodasie. Self-sorgwoning ten volle toegerus. 1Km vanaf Durbanville Medi Clinic. Netjies, swembad & braaipatio, DSTV, Wi-Fi. Billikste pryse gewaarborg. Skakel Mev van Niekerk by 083 648 5858 of WhatsApp 065 528 6305.

Pasella Ads

PASELLA ADS IS GRATIS

Geen handelaars mag hier adverteer. Slegs 10 woorde per advertensie word toegelaat. Advertensies mag slegs 2 keer herhaal word.

SOEK: Groot en-suite kamer vir 'n dame in 'n veilige omgewing om te huur, 073 723 3389.

MBD

ONS GEE OM

Begravnisdienste Vredendal

Tel: 02721 32 6 32 (alle ure)

Begravniskennisgewings

BAILEY JANETTA

15/07/1959 - 01/09/2025

Begravnisdienste vind plaas op Saterdag 13 September 2025 Huisdiens vanuit die Hawe Saal om 09:00. Kerkdiens in die V.G. Kerk, Doringbaai om 10:00. Teraardebesteding: Doringbaai Begraafplaas.

BLANKENBERG LORRAINE

30/11/1951 - 02/09/2025

Begravnisdienste vind plaas op Saterdag 13 September 2025. Kerkdiens om 10:00 vanuit die Gemeenskapsaal, Ebenhaeser. Teraardebesteding: Ebenhaeser Begraafplaas.

FORTUIN ARRIE

17/03/1943 - 28/08/2025

Begravnisdienste het plaasgevind op Saterdag 06 September 2025 vanuit die huis te Nuwe Uitbreiding Nieuwoudtville om 09:00. Kerkdiens was in die V.G. Kerk, Nieuwoudtville om 10:00. Teraardebesteding Nieuwoudtville Begraafplaas.

ISAAKS KATARINA

28/01/1945 - 31/08/2025

Begravnisdienste vind plaas op Saterdag 13 September 2025. Huisdiens vanuit Rondonstraat 2041 om 09:00. Kerkdiens om 10:00 vanuit die V.G. Kerk, Kakamas. Teraardebesteding Kakamas Begraafplaas.

ROUX ALWYN PETRUS

25/11/1948 - 02/09/2025

Gedenkdienste vind plaas op Saterdag 13 September 2025 in die NG Moeder Gemeente Vredendal om 11:00. Privaat verassing.

STEWEE ROOS

25/11/1940 - 04/09/2025

Begravnisdienste vind plaas op Sondag 14 September 2025. Huisdiens te Buitekantstraat 68, Vredendal-Noord om 10:00. Teraardebesteding: Vredendal-Noord Begraafplaas.

SWARTZ HENRY

10/11/1961 - 05/09/2025

Begravnisdienste vind plaas op Saterdag 13 September 2025. Huisdiens te Dawid Cloetestraat 3, Vredendal-Noord om 08:00. Kerkdiens in die Volle Evangelie Kerk om 09:00, Vredendal-Noord. Teraardebesteding: Vredendal-Noord, Begraafplaas.

Leerders wat by die WOW-Spelfees presteer het.

Steilhoogte leerders presteer by spelfees

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: Vyftien van Steilhoogte Primêr se leerders het Woensdag 13 Augustus deelgeneem aan die WOW-spelkompetisie te Vergenoeg Primêr. Die

leerders het as volg presteer: Michelle van Wyk in graad 2 behaal 'n vierde plek, Kaylene Snewe in graad 4 behaal 'n tweede plek en Zay-Dean Ockhuis in graad 7 het 'n eerste plek behaal. Vanjaar

het Steilhoogte dus drie leerders wat die skool gaan verteenwoordig by die Weskus uitdunronde. Hierdie byeenkoms het Dinsdag 26 Augustus in Moorreesburg plaasgevind.

Rhynies dans die verhoog aan die brand

Berig en foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: DD in Steil het op Vrydag, 8 Augustus by Steilhoogte Primêr plaasgevind. Hoërskool Vanrhynsdorp se dansgroep, "Lover Boys" neem deel in die Moderne Dans-afdeling. Anwill Sikhondo, graad 10 en Sergio van Rooyen, graad 11 behaal uitstekende resultate met 97% vir hul optrede. Saterdag, 9 Augustus dring hierdie twee leerders ook deur na Matzi Got Talent se semifinale ronde wat op 6 September plaasgevind het. Baie geluk aan hierdie twee dansers.

Anwill Sikhondo en Sergio van Rooyen.

matzikama

MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

NOTICE/KENNISGEWING

KENNISGEWING: AANSOEK OM HERSONERING & OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45(1)(h) van die "Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015" (die Verordening), dat die Munisipaliteit die volgende aansoek in terme van Artikels 15(2)(a) & (f) van die Verordening, vir oorweging ontvang het:

Eienaar(s):

Elendom:

Ligging:

Gida Beleggings BK

Erf 479, Vredendal

Kerkstraat 5, Vredendal

Aansoeker:

Grootte:

Huidige sonering:

Koos Coetzee Prokureurs

1398m²

Residensiële sone 1

Voorstel:

• Die hersonering van Erf 479, Vredendal vanaf Residensiële sone 1 na Sakesone 1 ten einde die elendom as kantore aan te wend, en

• Die ophoffing van die volgende beperkende voorwaarde, soos uiteengesit onder Klousule F3(b) van Transportakte met nommer T49170/2022: Paragraph F3(b): "Dit mag alleen gebruik word vir die doel om een woning, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik in verband daarmee gebruik word daarop op te rig;"

Besonderhede van hierdie aansoek is gedurende ondergenoemde kantoor ure by me Kriek en me Rossouw ter insae.

Skriftelik gemotiveerde kommentaar en/of besware soos bepaal in Artikel 50 van die Verordening ten opsigte van die voorstel, moet die ondergenoemde bereik voor of op Maandag, 13 Oktober 2025. Neem kennis dat deur 'n beswaar, kommentaar of vertoë aan te teken, erken die persoon wat dit doen dat hul inligting beskikbaar gestel kan word aan die publiek en aan die aansoeker.

Enige persoon wat kommentaar en/of beswaar wil lewer / beswaar wil maak en wat nie kan skryf nie kan Maandae tot Donderdae tussen 10:00 en 15:00 na die ondergenoemde kantore van die Munisipaliteit kom waar me Kriek of me Rossouw sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of beswaar af te skryf.

NOTICE : APPLICATION FOR REZONING & REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS

Notice is hereby given in terms of Section 45(1)(h) of the "Matzikama Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015" (the Bylaw) that the Council received the following application in terms of Sections 15(2)(a) & (f) of the Bylaw, for consideration:

Owner:

Property:

Locality:

Gida Investments CC

Erf 479, Vredendal

5 Church Street, Vredendal

Applicant:

Extent:

Current zoning

Koos Coetzee Attorneys

1398m²

Residential Zone 1

Proposal:

• The rezoning of Erf 479, Vredendal from Residential zone 1 to Business zone 1 to utilize the property for office purposes, and

• The removal of the following restrictive condition as contained under Clause F3(b) in the Deed of Transfer with number T49170/2022: Paragraph F3(b): "Dit mag alleen gebruik word vir die doel om een woning, tesame met die buitegeboue wat gewoonlik in verband daarmee gebruik word daarop op te rig;"

Details of this application can be obtained from ms Kriek and ms Rossouw during office hours, mentioned below.

Motivated objections and/or comments as stipulated in Section 50 of the Bylaw with regards to the application must reach the under-mentioned in writing on/before Monday, 13 October 2025. Take note that by lodging an objection, comment or representation, the person doing so acknowledges that their information may be made available to the public and to the applicant.

Any person who wishes to comment and/or object / wants to object and who cannot write is invited to visit under-mentioned office of the Municipality on Mondays to Thursdays between 10:00 and 15:00 where ms Kriek or ms Rossouw will assist such person to transcribe his/her objections and/or comments.

LJ PHILLIPS

MUNISIPALE BESTUURDER / MUNICIPAL MANAGER

Kennisgewing no. / Notice nr.: K10 2025/2026

Esi saziso siyafumaneka ngesiXhosa xa kuceliwe

MUNICIPAL OFFICES,

37 CHURCH STREET

PO BOX 98

VREDENDAL, 8160

TEL:027 201 3300

www.vredendal.co.za

15/08/25



Kinders en jongmense in die gemeenskap wat die uitstappie meegemaak het.

Lambertsbaai jeug besoek gevangenis

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

LAMBERTSBAAI: Die SAPD in samewerking met hul borge het Saterdag, 6 September 'n uitstappie na die Vanrhynsdorp Gevangenis gereël om die kinders en jongmense van Lambertsbaai bewus te maak van waar hulle, hulself gaan bevind indien hulle verkeerde keuses in die lewe maak en met verkeerde vriende maats maak. Die SAPD bedank al hul borge en rig 'n opregte dank

aan die Korrektiewe Gevangenis Vanrhynsdorp, onder bevel van mevrou Carolis, Shanon Engelbrecht Klaase en die tronkhoof, mevrou Fransman wat hulle ontvang het. Hulle bedank ook al die ouers en die ander rolspelers. Sersant Riaan Smit sê hulle het 'n baie suksesvolle dag gehad, maar dit was ook 'n baie emosionele dag vir party kinders.

Pomario trots op musiekleerders

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Pomario Onafhanklike Skool is geweldig trots op hul musiekleerders, onder leiding van Desiré Smit. Die leerders het aan die einde van die tweede kwartaal aan die gesogte Wes-Kaapse Virtuele Eisteddfod deelgeneem en onlangs die uitslae ontvang. Dié eisteddfod het deelnemers van regoor Suid-Afrika verwelkom, maar ook skole van Zimbabwe en Namibië. Pomario se leerders het hulself weer eens met uitstekende resultate van die ander skole onderskei. Die skool is baie

trots op elke leerder vir hul harde werk, toewyding en passie vir musiek. Vir klavier het MJ Rosenleft 78% behaal, Johan-Abraham Mouton 80%, Linah Mouton 90%, Elaine Marais het 87% behaal, Marquerite Mouton 86%, Carlos Smit 77%, Cumé Mouton 90%, Paula Oberholzer 95%, Zané Esterhuizen 86%, Anlo Esterhuizen 85% en Antru Esterhuizen 85%. Vir viool het Gabriëlle Smit 87% en Marquerite Mouton 79% behaal.



ALG by Swartlandskou

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Augsburg Landbouginnasium het die afgelope naweek met 56 leerders aan die Swartlandskou te Moorreesburg deelgeneem. Veertig van die leerders het 'n plek behaal. Die skool is baie trots op die deelnemers en sien uit na die Nampo Kaap wat van 10 tot 13 September plaasvind. Die afrigters sê dit was lekker om die jeugskouseisoen in Moorreesburg af te skop en sien uit na die nuwe seisoen met vele nuwe gesigte in die ring. Die leerders se uitslae is as volg: Tien leerders behaal eerste plekke, 11 tweede, 11 derde 5 vierde en 3 vyfde plekke.



Danie Kraft neem sy prys in ontvangs.



Agter is Antru, Anlo en Zané Esterhuizen en Carlos Smit. In die middel is Paula Oberholzer, Cumé Mouton, Elaine Marais en Marquerite Mouton Voor is Gabriëlle Smit, Johan-Abraham Mouton, MJ Rosenleft en Linah Mouton.



MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

NOTICE

NOTICE IN TERMS OF SECTION 116 (3) OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003) FOR THE PROPOSED AMENDMENT TO T11/2024-2025: VREDENDAL ROAD MAINTENANCE CIVIL WORKS – PHASE I: EXTENSION OF CONTRACT

Notice is hereby given in terms of Section 116 (3)(a) and (b) of the Local Government Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) that it is the Intension of Matzikama Municipality to amend the existing contract.

Description:EXTENT PERIOD OF THE CONTRACT

Contractor:MARTIN & EAST (PTY) LTD

Reasons for the proposed amendment:

The Department of Infrastructure (DoI) has allocated an amount of R13 260 000 to the Municipality for the 2025/26 financial year. Martin & East (Pty) Ltd was appointed as the contractor at a contract value of R7 950 000, with estimated professional fees of R883 210 (including VAT). This leaves a balance of R4 426 790 of the allotment.

In order to make full and cost-effective use of the available funds, it is proposed that the current contract be extended to a maximum amount of R4 426 790 (55,6%). This extension will allow for the renovation of an additional 430 metres of Church Street (MR00547).

The works are specialized and require machine-intensive construction methods. By expanding the existing contract, the impact of Preliminary and General (P&G) costs will be minimal, as site establishment and clearance were already covered under the original contract.

Notice is hereby further given in terms of Section 21 and 21A of the Local Government Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that the local community and affected parties are invited to submit comments or representations on the proposed amendment of the contract. Persons who are physically disabled or who cannot read or write, but wish to participate in the process, may come during office hours to the Municipal Office in Church Street, Vredendal at the Finance Department where a staff member will assist the person to transcribe that person's comments or representations.

Comments and / or representations must be submitted to the following email address: heleenm@matzikama.gov.za with the subject: T11/2024-2025: VREDENDAL ROAD MAINTENANCE CIVIL WORKS – PHASE I The closing date and time for the submission of representations and /or comments is no later than 3 October 2025 at 12:00. Any comments and/ or representations received after submission date and time will not be considered.

Any enquiries regarding this intend can be directed to the SCM Manager.

Name & Surname:Mrs Heleen Meyer

Telephone Number:027 201 3325

E-mail Address:heleenm@matzikama.gov.za

Physical Address:Matzikama Municipality Office

Finance Department

37 Kerk Street

VREDENDAL

8160

LJ PHILLIP

MUNICIPAL MANAGER

NOTICE: K9:2025-2026

MUNICIPAL OFFICES,

37 CHURCH STREET

VREDENDAL, 8160

TEL: 027 201 3300

IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA
(WESTERN CAPE DIVISION, CAPE TOWN)

Case Nr: 2024-142828

In the matter between:

KOTZE WEST COAST MINING (PTY) LTD
(Registration number: 2022/279373/07)

and

INTEROCEAN ENGINEERING (PTY) LTD
(Registration number: 2021/567023/07)

Plaintiff

Defendant

NOTICE OF SALE IN EXECUTION

BE PLEASED TO TAKE NOTICE that pursuant to a judgment granted by the above Honourable Court on 1 April 2025 and a writ of execution against property issued by the Registrar on 22 April 2025, a sale in execution will be held by the Sheriff of the above Honourable Court at Vredendal Sheriff Office, 14 Matzikama Street, Vredendal on the 29th day of September 2025 at 10:00, of the under mentioned attached goods:

1. One x Yellow CAT 330 LME Excavator (2EL00107, Frame No. 4P628);

2. One x Six Inch Grey Water Pump;

3. One x Yellow Volvo (EC 700 BCC EC700BLC, Product VCEC700BL00010275);

4. Two x Drums with Frame Classifier;

5. One x Draaibank (Lathe) No. 01812711741 SCH620184;

6. Six x Tyres with Rims (Floating Tyres).

DATED AT VREDENDAL ON THIS 2ND DAY OF SEPTEMBER 2025

HUMAN VAN DER MERWE INC

Attorneys for the Plaintiff

30 Matzikama Street, Vredendal

Tel: 027 213 2789

E-mail: sh@humanattorney.co.za

And info@humanattorney.co.za

(Ref: DH/KOT13/0005)

www.panduranga.co.za 154810

Sukcesvolle toernooi by Vredendal Rolbalklub

Berig en foto's: Verskaf

VREDENDAL: Die uitvoerende bestuur van die Vredendal Rolbalklub wil graag alle borge bedank wat bygedra het tot die reuse sukses van die afgelope naweek se rolbaltoernooi. Hul le spreek ook hul dank uit aan elke deelnemer van die 14 ingeskrewe spanne vir die entoesiasme en goeie sportmangees.

In die eerste plek is The Kings wat bestaan uit Blikkies Horn, Fanie Loubser en Johan Loubser. In die tweede plek is The Caretakers: John Engelbrecht, Alro van der Spuy en Gustav du Preez. In die derde plek is Maritz Rekenmeesters: Marnus Nel, Hanno Basson en Werner Rossouw.



Johan Loubser, Blikkies Horn en Fanie Loubser.



Gustav du Preez en John Engelbrecht.



Marnus Nel, Hanno Basson en Werner Rossouw.

GSS kroon eerste Meneer en Mejuffrou

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

GRAAFWATER: Graafwater Spesiale Skool het Donderdag, 28 Augustus hul heel eerste Meneer en Mejuffrou GSS aangebied. Die geleentheid, met die tema Mamma Mia het in die skoolsaal plaasgevind. Die leerders het die verhoog behoorlik aan die brand gedans met hul uitvoering van energieke Mamma Mia danse. Die gehoor se voete het gejeuk. Beoordelaars het die glans en talent van die leerders geëvalueer en elke deelnemer het hul merk gemaak. Wilrenzo Fortuin is gekroon

as Meneer GSS met Anika van der Westhuizen as Mejuffrou GSS, Haygan Salomo is aangewys as Meneer Grafie en Jo-Mari Saal as Mejuffrou Grafie. Elke wenner het met trots hul titel gedra en weggestap met 'n klomp fantastiese pryse. Die organiseerders is baie trots op die geleentheid en sê dit was 'n ongelooflike aand en 'n groot sukses. Almal wat betrokke was om die spesiale aand moontlik te maak, asook die personeel, ouers, leerders en borge word opreg bedank.



Mejuffrou en Meneer Graafwater Spesiale Skool.

IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA (WESTERN CAPE DIVISION, CAPE TOWN)

Case number: 12981/2023

In the matter between:

FIRSTSTRAND BANK LIMITED

Execution Creditor

and

THE TRUSTEES FOR THE TIME BEING OF DIE RUSTEN TRUST, IT1222/2001

First Execution Debtor

PIETER BRAND THIART

Second Execution Debtor

ALBERTUS ADRIAAN THIART

Third Execution Debtor

NOTICE OF SALE IN EXECUTION OF IMMOVABLE PROPERTY

PURSUANT to the judgment of the above Honourable Court dated 23 February 2024, the immovable property described as

- I. PORTION 99 (A PORTION OF PORTION 13) OF THE FARM BAKKELY PLAATS, NUMBER 282 IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA DIVISION VANRHYNSDORP PROVINCE OF THE WESTERN CAPE IN EXTENT 37,7550 (THIRTY SEVEN COMMA SEVEN FIVE FIVE ZERO) HECTARES - "Portion 99"**
- II. PORTION 21 OF THE FARM ZANDKRAAL A, NUMBER 180 IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA DIVISION VANRHYNSDORP PROVINCE OF THE WESTERN CAPE IN EXTENT 16,0362 (SIXTEEN COMMA ZERO THREE SIX TWO) HECTARES - "Portion 21"** - Portion 99 and Portion 21, as described at numbers (I) and (II) above, are hereinafter collectively referred to as **"Farm Sandkraal"**
- III. PORTION 45 (A PORTION OF PORTION 14) OF THE FARM BAKKELY PLAATS, NUMBER 282 IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA DIVISION VANRHYNSDORP PROVINCE OF THE WESTERN CAPE IN EXTENT 1,0566 (ONE COMMA ZERO FIVE SIX SIX) HECTARES - "Portion 45"**
- IV. PORTION 30 (A PORTION OF PORTION 14) OF THE FARM BAKKELY PLAATS, NUMBER 282 IN THE MUNICIPALITY MATZIKAMA DIVISION VANRHYNSDORP PROVINCE OF THE WESTERN CAPE IN EXTENT 7,0826 (SEVEN COMMA ZERO EIGHT TWO SIX) HECTARES - "Portion 30"**
 - Portion 45 and Portion 30, as described at numbers (III) and (IV) above, are hereinafter collectively referred to as **"Farm Georgedal"**
 - Farm Sandkraal and Farm Georgedal shall collectively be referred to as **"the properties"**

will be sold in execution by the Sheriff, Vredendal (**"the Sheriff"**) on **THURSDAY, 25 SEPTEMBER 2025** at 10:00 at the Sheriff's office situated at 14 Matzikama Street, Vredendal, to the highest bidder, subject to a reserve price of **R4,620,000.00**.

The following information is furnished regarding the improvements to Farm Sandkraal, though in this respect nothing is guaranteed:

Farm Sandkraal, which is zoned for agricultural purposes, is a wine grape farm located between Vredendal and Lutzville on the northern side of the Olifantsriver. Farm Sandkraal is situated 13km from Vredendal towards Lutzville on the Holrivier road (R362). Farm Sandkraal is further improved by a (i) 200m² three bedroom house consisting of *inter alia* a lounge, dining room, kitchen, bathroom and double garage, (ii) 160m² steel frame store and (iii) 20m² irrigation pump house.

The following information is furnished regarding the improvements to Farm Georgedal, though in this respect nothing is guaranteed:

Farm Georgedal, which is zoned for agricultural purposes, is a wine grape farm located between Vredendal and Lutzville on the northern side of the Olifantsriver. Farm Georgedal is situated 6km from Vredendal towards Lutzville on the Holrivier road (R362). Farm Georgedal is further improved by a (i) 150m² three bedroom house consisting of *inter alia* a lounge, kitchen and bathroom, (ii) 70m² brick structure store and (iii) 50m² staff house.

THE TERMS ARE AS FOLLOWS:

- On completion of the sale the purchaser shall, on demand by the Sheriff, pay a deposit of 10% (ten percent) of the purchase price of the properties in cash or by way of an electronic fund transfer on the day of the sale to the Sheriff, and the balance against transfer to be secured by a bank or building society or other acceptable guarantee to be approved by the execution creditor or their attorney and to be furnished within 21 (twenty one) days from date of sale.
- Should the purchaser fail to furnish the Sheriff with a bank guarantee within 21 days after the date of sale, the Sheriff may in his/her sole discretion grant the purchaser a 5 day extension within which to provide the required bank guarantee. Should the Purchaser fail to furnish the Sheriff with a bank guarantee, which is approved by the Execution Creditor's attorney, within the required time, the sale may be cancelled.
- The purchaser shall be responsible for payment of all transfer duties, costs or transfers, including but not limited to conveyancing costs, transfer duty or VAT attracted by the sale and any Deeds Office registration levies. The purchaser shall further be responsible for payment of all outstanding levies, rates, taxes and other amounts in respect of the properties, within 7 days after being requested to do so by the attorney attending to the transfer.
- Sheriff's charges payable on the day of the sale, to be calculated as follows: 6% on the first R100,000.00 and then 3.5% on R100,001.00 to R400,000.00 and then 1.5% on the balance of proceeds of the sale, subject to a maximum commission of R40,000.00 and a minimum of R3,000.00 (inclusive in all instances of the Sheriff's bank charges and other expenses incurred in paying the proceeds into the Sheriff's account, but exclusive of VAT).
- The conditions of sale will be read out and may be inspected at the office of the Sheriff, Vredendal situated at 14 Matzikama Street, Vredendal, during office hours.
- The Execution Creditor shall have the right to bid at the auction.

RULES OF AUCTION

A copy of the Rules of Auction is available from the offices of the Sheriff, Vredendal situated at 14 Matzikama Street, Vredendal.

TAKE FURTHER NOTE THAT

- The Notice of Sale is in accordance with the provisions of Rule 46 of the Uniform Rules of the High Court, as amended, as well as the provisions of the Consumer Protection Act 68 of 2008 (**"CPA"**), the Regulations promulgated thereunder and the **"Rules of Auction"**, where applicable.
- Prospective bidders must, prior to the commencement of the auction, register as such in terms of the Regulations of the CPA by providing proof of identity and residence in terms of the Financial Intelligence Centre Act 38 of 2001 (**"FICA"**).
- The Registration Conditions, as set out in the Regulations of the CPA, will apply.
- A copy of the CPA and the Regulations thereto, are available at www.acts.co.za (the Act) and www.info.gov.za (the Regulations).

DATED at CAPE TOWN on this the 27th day of AUGUST 2025.

WERKSMANS ATTORNEYS

Applicant's Attorneys

Per:

AE HUMAN

Level 1, No 5 Silo Square

V & A Waterfront, **CAPE TOWN**

Tel.: (021) 809 6186

(Ref: AHuman/FIRS7832.1224)

Email: ahuman@werksmans.com

Stempels

Beskikbaar by

ONS KONTREI

KANTORE,

CENTRALSTRAAT 8

VREDENDAL

Tel: 027 213 2074

Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074

Ons mense se koerant

AKTUELE NUUS

12 SEPTEMBER 2025

Adverteer dit werk!

Skakel ons kantoor vir meer inligting,
027 213 2074

Drawwers benut langer dae

Berig: Elna Esterhuyse
Foto's: Verskaf

VREDENDAL: Die seisoen is aan die draai en die strate wemel al soggens lank vóór Oom Son sy kop uitsteek met stapers en drawwers wat die langer dae benut om daardie ekstra klompie treë in te werk en reg te wees vir die somer.

Die atlete is ook met nuwe tred aan die gang op die pad en oor die vlaktes. Werner Rossouw en Theo van Zyl voltooi die pragtige, maar uitmergelende roete van die Riebeeck Vallei Trail Run oor 21km tussen plase en oor die berg met 'n baie goeie tyd van 03:03:27.

Nader aan die waters tree atlete aan vir die Intercare Blouberg Halfmarathon en kom droogvoets by die eindstreep aan. Uitslae: Danie Calitz (02:22:12), Sharon Calitz (02:11:34), Bianca Cancelliere (03:20:00), Denise Farmer (03:14:00) en

Tana van der Westhuizen (02:05:23).

Die Calitze laat lê nie slap nie - die inspirerende pensioenarisse voltooi die Makulu Adventures Trail Event oor 10 km op die pragtige Morgenhof Wynlandgoed in 01:24:59, asook die Heins Trailfun Spring Series, 'n reeks van vier Lente-wedlope waarvan die vier medaljes soos legkaartstukke pas om die volledige medalje te vorm. Danie - 10km (01:09:11), Sharon - 15km (01:43:39).

Persone wat belangstel om in 2026 by Namaqua Atletiekklub aan te sluit of wat enige navrae het, kan vir Adele Maass by 083 627 7759 kontak of Elna Esterhuyse by 083 701 1316 skakel. Die klub beplan om ook volgende jaar meer fokus op landloopdeelname te plaas.



Werner Rossouw en Theo van Zyl.



Denise Farmer en Bianca Cancelliere.



Shanon en Danie Calitz.



Tana van der Westhuizen.

Wedvlugseisoen staan einde se kant toe

Berig: Verskaf

CEDERBERG/MATZIKAMA: Die wedvlugseisoen snel ten einde. Saterdag, 13 September is die voorlaaste vlug van die jaar. Dié naweek se wedvlug word weer gevlieg vanaf Modderivier soos verlede naweek. Meeste van die afrigters het 'n moeilike wedvlug verwag, maar die geveerde vriende is om 07:15 losgelaat in ideale weersomstandighede. Vir die vlieërs was dit 'n lang dag op die vlerk, maar so getrou soos hulle is, het die voorste duif van 15:30 hulle verskyning begin maak. Leukes Loft van Vredendal het die 1ste duif geklok om 15:29 en is nie net die klubwenner nie, maar was dan ook die

federasiewenner. Baard hokke van Lutzville is die klubwenner en volg Leukes in die 2de posisie op die federasie uitslag. Valentine Loft van Vredendal was kort op hulle hakke in die 3de plek en Boesman Gilomee van Lutzville 4de. Op hierdie stadium is Baard Hokke in die 1ste posisie algeheel in die federasie punte, gevolg deur Valentine Loft 2de en in 3de plek J&S Agenbach. Tot nou toe spog Strauss Hokke van Vredendal met die duif met die meeste punte, gevolg in 2de en 3de plekke deur Valentine Loft ook van Vredendal. Volgens die huidige weervoorspelling blyk dit asof die vlug egter nie weer so maklik gaan wees nie.

Tagtig skuts neem deel aan spanskiet

Berig en foto: Verskaf

STRANDFONTEIN: Namakwa-Tak wat deel uitmaak van Kaap Jag het Saterdag, 6 September weer hul bekende span Ghong Challenge op Strandfontein aangebied. Tagtig skuts het vanjaar ingeskryf en dit was weer 'n groot sukses.

Dié jaar se skiet het geneig na 'n kleindoppie skietformaat, waar die skuts alles uit 'n lêposisie moes skiet. Klink maklik, maar die 100 mm ghongs op 306 m het gou die skuts uitgevang. Daar was vyf penkoppe waarvan die een slegs sewe ghongs vir die dag gemis het. Daar was

ook twee dames wat deelgeneem het. Hulle het verseker die mans 'n ding of twee gewys.

Skuts was omstreeks 15:00 klaar en kon daarna 'n heerlike braaivleisete geniet.

In die eerste plek is: Johan Kuhn en Carel Maritz, tweede: Wicus du Preez en Wihan

de Villiers en derde is Wynand Els en Gian du Preez.

Namakwa-Tak bedank elkeen hartlik wat deelgeneem het aan die skiet. Die fondse word weer netso in die gemeenskap teruggeploeg deur verbeteringe aan die Pietie Hamman skietbaan aan te bring.

**KAAPJAG**
NAMAQUA-TAK

Bedank graag die volgende borge:

Baan borge: • Alpha Agri • Maskam Wapens • Sybico • VMG Wapens • Vredendal Besproeiing

Prys borge: • Advance Finance • Afgri • AP Foods • Autolec Diesel • Bettco • Buys Nel • CBU • Clanwilliam Toyota • Deon Superspaar • Die Kameel • Die Naelplekkie • Funky Ouma • Hannes Rossouw • Jean Agenbag • Johista • Kaap Agri Lutzville • Kaap Agri Vredendal • Labita • Letsatsi Vanrhynsdorp • Lutzville Hotel • Lutzville Vineyards • Namaqua Olives • Namaqua Wines • Nexus • OMS • PG Glass • Point S Vredendal • Spotless Carwash • Tienie Petroleum • Up to Date • Viking • Vredendal Kwekery • Vredendal Toyota • Vredendal Workwear • Wes Field Service • Weskus Makelaars • Weskus Meganisasie



Wicus du Preez, Wihan de Villiers, Johan Kuhn, Carel Maritz, Wynand Els en Gian du Preez.